NEIGINGS

FOTO: CHARL VAN ROOYEN

SIMMENTALER

GOEIE VRAAG HELP BEDRYF

Die vraag na Simmentaler-teelmateriaal uit onder meer die geledere van die voerkrale het die Simmentaler-bedryf die afgelope tyd 'n hupstoot gegee. "Daar is 'n beduidende toename in die vraag na manlike en vroulike teelmateriaal vir die Simmentalers," sê mnr. Flaf Lauwrens, hoofbestuurder van die Simmentaler-Simbra-beestelersgenootskap van Suider-Afrika.

Volgens hom is dit die vraag na kalwers met 'n groeipotensiaal soos die Simmentaler wat voerkrale aanspoor om selfs 'n premie te betaal vir Simmentalerkalwers en Simmentalerkruiskalwers. Selfs kruisverse is gewild, aangesien hulle gemelk kan word en oor hul vrugbaarheidseienskappe.

Die Simmentaler is een van die gewildste rasse in enige kruisteelprogram vanweë sy besonderse groeivermoë, baie melk, vrugbaarheid en rustige geaardheid, sê Lauwrens.

In melkkuddes word die Simmentaler in kruisteling gebruik omdat die melk in 'n groot mate behoue bly en die vleiswaarde dramaties styg as dié beeste met melkbeesrasse gekruis word.

Dié genootskap het tans sowat 450 Simmentalertelers oor die hele Suider-Afrika as lede.

Die genootskap se volgende nasionale veiling waar sowat 60 bulle en 60 vroulike diere aangebied word, vind op 2 September by Kroonboma, Kroonstad, plaas. – JOHAN NORVAL

OUTJO

VELE HOOGTEPUNT OP NAMIBIESE FEES

VEILING VAN DIE WEEK

'N OMSET van meer as N$11 miljoen – die hoogste in 12 jaar – is op die Outjo-wildveiling in Namibië behaal. Altesame 390 stuks wild van 22 verskillende rasse is op die veiling verkoop. Een van die vele hoogtepunte op die veiling was die hoogste prys van N$1 miljoen (R1 = N$1) wat deur Cribo Hunting Safaris vir 'n bastergemsbokbul betaal is.

Die hoogste prys vir bastergemsbokkoeie was N$510 000, terwyl swartwitpenskoeie tot N$400 000 behaal het. Basterhartbeeste het tot N$50 000 behaal, waterbokbulle tot N$38 000 en njalas tot N$40 000.

Volgens mnr. Henno Badenhorst, afslaer, het die goeie aanbod van puik diere met top-teelmateriaal bygedra tot 'n beduidende toename in die pryse vergeleke met die vorige jaar, veral met betrekking tot die seldsame wild. "Kopers kom terug na die Outjo-wildveiling omdat hulle weet wat hulle daar kry en hulle is bereid om 'n prys daarvoor te betaal."

Sowat 50 kopers het vir die veiling geregistreer.

Agra het die veiling saam met Du Preez Game by die Outjo-wildsfees aangebied.

ORANJEVILLE / VLEISMERINO / R19 000

Die duurste SA Vleismerinoram (nr. 3159 LT) op die agtste produksieveiling van mnr. Manie Lombard (links) van Oranjeville se stoetery Stelena is teen R19 000 aan mnre. Theuns Visser en Scot Prince van Henley on Klip (Midvaal) verkoop. By Lombard is sy vrou, Alta, en van links is mnre. Wentzel Vorster, bestuurder van BKB Louwid op Frankfort, Visser, Prince en Jan Mostert, afslaer. Ramme het gemiddeld R6 806 stuk behaal en stoetooie gemiddeld R3 583 stuk. Altesame 358 kudde-ooie is teen gemiddeld R1 628 stuk verkoop en 200 stoorlammers teen gemiddeld R1 010 stuk. BKB Louwid Frankfort het die veiling aangebied.

HANOVER / MERINO / R15 000

Dié Merinoram van mnr. Reinhardt Kock (naasregs) se stoetery Preiss & Kock is op die veiling op Hanover teen die hoogte prys van R15 500 aan mnr. Jannie Venter van Damfontein, De Aar, verkoop. By Kock is, van links, mnre. Bennie Steyn van BKB, JJ van der Watt, afslaer, Pieter le Roux wat namens Venter die ram gekoop het en Willem Robberts, hanteerder. BKB het die veiling aangebied.